MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

8 NOVEMBER 2010

CDP verwelkom verwikkelinge met wapenondersoek
“Die omstrede multi-miljard rand wapentrasaksie erodeer nou al gans te lank die psige van die land, en daarom verwelkom ons die nuus dat die Britse Accountancy and Actuarial Discipline Board (AADB) die saak nou skynbaar op ’n spits gaan dryf.” So sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) in reaksie op die nuus dat hierdie ondersoek nou baie moeilik in die doofpot geprop kan word.

“Enige aksie om te voorkom dat korrupsie in Suid-Afrika endemies word, of stewig geanker raak, moet verwelkom word. Ons meen een van die grootste struikelblokke is dat die regering te dikwels net lippediens aan die stryd teen korrupsie lewer, maar dat werklike optrede teen mense met die regte politieke verbintenisse so skaars soos hoendertande bly. So lank dit die geval is sal die vis aanhou om van die kop af te vrot.”

CDP welcomes developments with arms investigation
“The psyche of the country has by now been eroded for far too long by the controversial multi billion arms deal, and we therefore welcome the news that the British Accountancy and Actuarial Discipline Board (AADB) is taking a keen interest in the matter.” So says Rev. Theunis Botha.leader of the Christian Democratic Party (CDP) reacting to the news that it will now be very difficult to smother the investigation.

“Any action to prevent corruption from becoming endemic must be welcomed. In our opinion, one of the major problems is that the government too often only pays lip service when corruption is on the block, but when people with the correct political ties come under scrutiny, action is seldom taken. As long as this remains the case, the fish will continue to rot from the head.”